VERJAARSDAE : 9—15 AUGUSTUS 2009

08/09	LEONA	SWANEPOEL	VAN RIEBEECKLN 193A	Blok 2
08/09	GROVÉ	BADENHORST	VAN RIEBEECKLN 285	Blok 1
08/10	SELOMÉ	JANSE VAN RENSBURG	MOLTENOWEG 40	Blok 2
08/10	DINA	FISHER	SMUTSLN 190A	Blok 2
08/11	ALEC	POTGIETER	HANS STRIJDOMLN 285	Blok 1
08/12	BELINDA	DE BEER	KRUGERLN 218	Blok 2
08/14	ELSA	ROOS	KRUGERLN 102	Blok 3
08/15	TINKIE	NORTMANN	2DE STRAAT 11	Blok 1
08/15	TONY	ENGELBRECHT	HANS STRIJDOMLN 21	Blok 4

WAARDERING

'n Woord van besondere waardering aan almal wat tydens Hendrik se siekte oor 'n lang tyd ons moreel ondersteun het. Baie dankie vir al die gebede, besoeke, telefoonoproepe en deurlopende belangstelling.

'n Spesiale woord van waardering en dank aan die Kerkraad vir die Nagmaalgeleentheid wat hy aan huis kon beleef. Dit het vir ons en veral vir hom in besonder baie beteken.

Ria Briedenhann

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)

Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

TERUGVOER

Jou terugvoer is vir ons belangrik!

Om beplanning te doen, dinge te verbeter, 'n ryker eredienservaring te skep, ons gemeentebediening en –praktyke te verskerp is dit vir die leierskap van die gemeente uiters belangrik om te hoor wat lidmate sê.

Die terugvoerkaarte in die banke is een belangrike manier waarop jy kan terugvoer gee en kan aandui wat jou opgewonde en bly maak en die wat die haakplekke en krapplekke in die gemeente is.

Vul dus gerus sommer nou 'n terugvoerkaart in!

Baie dankie—ons waardeer dit regtig baie.

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 9 Augustus 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 9 AUGUSTUS

VROUEDAG

Verslae en besprekingspunte met die oog op die komende kerkraadsvergadering moet vandag ingehandig word

09:00 Erediens: Freddie Schoeman

MAANDAG, 10 AUGUSTUS

VAKANSIEDAG

19:00 Droomspanbyeenkoms

WOENSDAG, 12 AUGUSTUS

17:00 Biduur

DONDERDAG, 13 AUGUSTUS

18:30 Alphakursus

VRYDAG, 14 AUGUSTUS

18:00-22:00: OppiKoffie (Jeug)

SONDAG, 16 AUGUSTUS

Sakelys : Kerkraadsvergadering

Deurkollekte : Jeug

09:00 Erediens: Dr Dawie Theron
09:00 Kinderediensteure
18:00 Aanddiens: Freddie Schoeman
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

MAANDAG, 17 AUGUSTUS

19:00 Droomspanbyeenkoms

WOENSDAG, 19 AUGUSTUS

17:00 Biduur

19:00 Kerkraadsvergadering

Inbetaling Diakonie

DONDERDAG, 20 AUGUSTUS

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alphakursus

VRYDAG, 21 AUGUSTUS

18:00—22:00 OppiKoffie

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012-664-3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Cobus Nel, seun van Attie en Minari, Hans Strijdomln 92), wat 'n rugbybesering hierdie week opgedoen het en in die hospitaal was. Dit gaan nou weer beter (Blok 3).
2. Dries en Rina van der Merwe, Van Riebeeckln 149 met Rina wat tuis aansterk na 'n voetoperasie (Blok 3).
3. Ons dink in besonder aan Gustav en Heleen Venter, Bettystr 379 met Gustav wat rekonstruksieprosedure ondergaan het na die kaping en eers-komende Woensdag weer geopereer word (Blok 1).
4. Pieter en Anna Veldsman, Tecoma w/s 5 met Pieter wat tuis aansterk (Blok 1).
4. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog steeds wag op 'n skenker vir 'n nieroorplanting. (Blok 2). Ons vra voorbidding vir die hele gesin.
5. Ons dink aan Arina Liebenberg, Van Riebeeckln 81wat geval en haar been beseer het (Blok 3).
6. Ons dink aan Ds Kobus en Ains Keyter, Pretoriuslaan 269 met mev Keyter wat 'n operasie ondergaan het en tuis aansterk.

Die Nagmaalsgeleentheid van 16 Augustus word verskuif na 30 Augustus om saam te val met afsluiting van die reeks oor die Seisoene van ons geestelike lewe.

GEBEDSNETWERK

Kom ons begin mekaar as geloofsgesin daadwerklik te ondersteun deur deel te word van ‘n gebedsnetwerk.

HOE WERK DIT?

Jy neem verantwoordelikheid vir twee / drie gesinne. Dis jou verantwoordelikheid om hierdie gesinne gereeld te kontak en te verneem waarvoor voorbidding gedoen kan word. Daar moet elke dag vir die gesinne gebid word.

Jy is óók deel van iemand ander se verantwoordelikheid. Iemand anders kontak jou en jou gesin gereeld en doen vir julle voorbidding.

Vertroulikheid word ten alle tye gehandhaaf. Geen inligting mag sonder toestemming verder gekommunikeer word nie.

So bemoedig en versterk ons mekaar se geloof.

Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s’n en julle deur myne. (Romeine 1:12)

HOE WORD EK DEEL?

Indien jy op die gemeente se sms-databasis is, sal jy van-oggend ‘n sms ontvang. Reageer deur te “reply”: “Opsie 1” of “Opsie 2” of “Opsie 1 en 2”. (Indien jy nie ‘n sms ontvang nie of nie deel van die databasis is nie, stuur ‘n sms aan 084 581 8139.) Indien jy reeds gereageer het, ignoreer asb. die sms.

Opsie 1 beteken: Ja, ek wil graag hê dat iemand my gereeld kontak en vir my bid.

Opsie 2 beteken: Ja, wil / is bereid om twee of drie gesinne gereeld te kontak en vir hulle te bid.

VAKANSIE BY MARLOTHPARK ...

Geniet ’n heerlike vakansie terwyl die Parknaval met die netto opbrengs begunstig word.

Marlothpark

geleë teen die Krokodilrivier tussen Malelane en Komatipoort +- 90 km vanaf beide Maputu en Swaziland.

3 x Dubbelbed en suite kamers; 1x Bo vertrek (Loft) met 4 enkel beddens; totaal 10 persone.

Tarief: R200 Volwassenes R150 Kinders 6-18 jr per persoon per dag

Vir besprekings kontak Heinz Meissner :Tel 012 664 3759 / Sel 082 806 8530

e-pos heinzmeissner@vodamail.co.za

Die Lente is hier!!!

Liewe Gemeente-lid,
Jy, jou familie en vriende word hartlik uitgenooi na Lyttelton-Oos se

Gemeente Ete!

Wanneer: 4 September 2009
Tyd: 18:00 vir 18:30
Waar: Lyttelton-Oos Kerksaal

Kom luister na

Liza van “Liza se Klavier”!

Onthou: Eie drinkgoed.
Wyn sal te koop wees.
Kaartjies beskikbaar na oggenddiens in kerk-saal, of skakel Tania 083 408 0860
(R70 vir volwassenes, R30 vir kinders onder 12 jaar)

Sien uit om jou daar te sien!

E-DEBIETORDER

Die Saakgelastigde hanteer ’n e-debietorderstelsel vir die gemeente. Indien u belangstel om meer te wete te kom, skakel mev Maree (012 664 4458).

Vorms is in die konsistorie beskikbaar of u kan dit per e-pos aanvra by ngk@lytteltonoos.org.za

Dit is ook beskikbaar op die webblad by www.lytteltonoos.org.za

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

23 Julie—22 September

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

PARKNAVAL 2009
(Weer in die park vanjaar)
Saterdag 19 September 2009

Al die gewone eetgoed, soetgoed, mooigoed en vermaak vir oumens, grootmense, jongmense en kinders.

SPESIAAL HIERDIE JAAR

Cars in the park

Kom besigtig 'n verkeidenheid nuwe en veteraan motors.
(Vir meer besonderhede kontak Arie Roos 082 578 6595).

Potjiekos kompetisie.

Skryf in en wen 'n naweek vakansie vir 4 persone by Verdwaalskloof Lodge te Swartwater, Ellisras.

(Inskrywings vorms en besonderhede: Arie Roos 082 578 6595).

ONS VERSOEK GRAAG DIE VOLGENDE

Boeke, plante en glans tydskrifte (bv. Men's Health, Weg, G & Home, Top Billing, De Kat, ens.): Herman Meier 664 4760.

Persone wat kan help met die bak van koek en beskuit.

Alet Venter 012 664 3282.

Enige persone wat wil help en nog nie by 'n aktiwiteit ingeskakel is nie.
Kobus Badenhorst 083 235 1084.

KOM BID SAAM!

Sondagoggende vanaf 08:00 in bo-kamer
Ons bid vir:

- die erediens
- ons gemeente
- spesiale versoeke (terugvoerkaarte)

Kom berei jouself geestelik voor vir die erediens
Kom wanneer jy kan, bly solank jy wil, gaan wanneer jy moet …
Wanneer gelowiges bid sidder die duiwel

DIT WAS MOS NOU LEKKER!

Saterdag 1 Augustus 2009 het sowat 80 van ons gemeente se oor sestigers 'n heerlike ontbyt/vermaaklike/gesellige oggend deurgebring. Dit was buite koud en reënerig maar binne die saal was die atmosfeer kleurvol en warm – danksy die komitee van Klub Immergroen se onvermoeide ywer. Mooi gedekte tafels, heerlike warm sop, vars gebakte brood en konfyt en daarna nog 'n nagereg van pannekoek en lemoenstroop.

Ons sê dankie vir almal wat meegehelp het. Die ete was gratis, danksy die fondsinsamelings deur verkoop van jaffels en koeksisters deur 'n paar ywerige entoesiastiese gewilliges.

Twee versoeke:

1. Kom help met die fondsinsamelingspogings en
2. moenie die volgende geleentheid mis nie.

As daar 'n problem is met vervoer, bel net en ons maak 'n plan.

Onthou 13 en 14 Augustus 2009 is Jaffelbak dae, 9 September is 'n uitstappie na die Monté Casino Voëlpark en 31 Oktober 2009 is ons Kersete en afsluiting vir die jaar.

Rina van der Merwe

(012) 664-2469

Woordwyser e-pos dagstukkies

Ontvang daagliks in jou e-pos 'n Woordwyser dagstukkie!

Elke Woordwyser-dagstukkie is 'n wyser na die Woord toe—dit help jou om elke dag se Skrifgedeelte te verstaan deur genoeg agtergrondinligting en woordverklarings te gee. Bybelboeke word sistematies behandel.

Teken in @ R50 per jaar deur na die Oostelike Sinode se webwerf te gaan (www.sinoos.co.za) en op die tuisbladsy op die skakel by "Daaglikse e-dagstukkie" te klik of tik die volgende adres in jou internetprogram in: http://www.sinoos.co.za/e-dagstukkie

KLUB IMMERGROEN—ALTYD IMMERGROEN

Aan Klub Immergroen ons hartlike dank vir 'n heerlike vrolike ontbyt …

Wie sou kon dink dat sop, brood, konfyt en pannekoek (met room!) so 'n heerlike winterontbyt kan wees! Dit was heel besonders en heerlik is nie genoeg beskrywend nie!

Ons gaskunstenaar — Carla Fourie wat haar uitnemend van haar taak gekwyt het, was 'n aangename en heerlike verrassing vir so 'n jong dame! Baie dankie Carla, Ons hoop om nog meer van haar te hoor. (Geluk met die 90% by die Centurion se Kunstefees).

Dan was daar die immergroen Toeks Steyn. Van haar kan ons getuig dat sy met haar veelsydigheid, altyd 'n verrassing is!

GEBEDSBRIEF SONDAG 9 AUGUSTUS 2009

Liewe Gemeente

Ons gaan 'n bietjie kyk na gebedsteikens. Dit is baie belangrik om te besin oor die omvang van dít waarvoor ons moet bid. Ons moet verstaan wat die omvang van ons taak in gebedsoorlogvoering is. Kyk byvoorbeeld net na Efesiers 6:18 waar daar staan: *Terwyl julle met alle gebed en **alle** smeking by **elke** geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met **alle** volharding en **alle** smeking vir al die heiliges.* Let op die woorde **alle** en **elke**. Lees hierdie vers biddend en die Heilige Gees sal self die omvang van die gebedstaak aan jou openbaar.

Daar is 'n sekere aantal dinge wat altyd deel uitmaak van ons gebedsagenda. Dit beteken nie dat ons elke dag oor al hierdie sake kan bid nie. Maar in die siklus van 'n week behoort hierdie sake op die een of ander manier na vore te kom in jou gebedstyd.

Dis bv: Vir Jouself; Gesin/Familie; Gemeente en geestelike leiers; Dorp/stad; Land/ regering/onbereike groepe in die land; en die wêreld/onbereikte groepe en spesifieke lande.

Bogenoemde kan as vertrekpunt gebruik word. Jy kan dus bv elke dag 'n afdeling neem en vir die sake wat daar tuis hoort bid. Dink vir 'n oomblik aan 'n oorlogsituasie. Die oomblik wanneer daar tot oorlog oorgegaan word, word die strategiese teikens onmiddellik geïdentifiseer. Hierdie uitgesoekte vyandelike stellings word heel eerste aangeval en verower. Sulke strategiese teikens moet teen elke prys ingeneem word voordat daar enigsins vordering gemaak kan word. Natuurlik is dit so dat die vyand sy eie aanvalstrategie het en daarom self ook op spesifieke teikens kan konsentreer.

Die twee belangrikste gebedsdoelwitte waarvoor daar tans wêreldwyd gebid word, is: herlewing (volheid) en wêreldevangelisasie (vervulling). Daar is 'n direkte verband tussen herlewing (om die volheid van God in die kerk te beleef) en wêreldevangelisasie (uitvoering van die Groot Opdrag). 'n Individu, gebedsgroep of gemeente wat bv herlewing ten koste van evangelisering oorbeklemtoon, sal ongebalanseerd ontwikkel. Die omgekeerde is ook waar.

Ons kan die volgende paar weke bietjie gesels oor die strategiese gebedsdoelwitte of teikens.

Indien u u eie gedagtes hieroor wil weergee kan u my gerus skakel. Dis goed om ook ander se opinies te hoor en weer te gee.

Hoop u het 'n wonderlike week.

Groete : Gebedgroep

KONTAK: Madelaine Steyn: 082 354 2455